

HELDER – 'n MUSIEKBLYSPEL

Splinternuut

HELDER is 'n splinternuwe musiekblyspel. Met musiek en 'n aangrypende verhaal gebaseer op die Josef-verhaal in die Bybel, trek Gropp en Van der Westhuizen die gehoor in die wêreld van straatbendes, weeskinders en weldoeners in. Die produksie spog met gesoute spelers soos Anna Davel en Pierre Breytenbach asook jong talent en top musikante. HELDER laat jou nadink oor die betekenis van die waarheid, die maskers wat ons dikwels dra en die vryheid wat onthulling bring.

'n Eeue-oue storie in 'n hedendaagse fantasiewêreld

Die produksie speel af in Lumina, 'n fantasiestad van lig, 'n stad vol hoop en potensiaal, 'n stad vol kleurvolle karakters en intriges. Lumina bestaan uit distrikte, areas, strate, plekke en monumente; duidelik uiteengesit in 'n toeristekaart. In die Niemandskant en Suidekant van die stad funksioneer straatkinders in verskillende bendes terwyl die leiers van die stad in die Noordekant woon.

'n Straatkind van Lumina word vasgevang in 'n desperate situasie. Sy gawe om tussen waarheid en leuen te kan onderskei, word deur sy meester misbruik. 'n Mespuntpositie dwing hom om 'n keuse te maak. Hy ontsnap uit sy huidige omstandighede deur 'n dubbele lewe te lei. 'n Nuwe weldoener gebruik die kind se gawe om reg en geregtigheid te laat geskied. Wanneer sy straatvriende hulp nodig het, word sy nuwe lewe met die oue gekonfronteer. Noodgedwonge word sy ware identiteit onthul. Sy eie leuen word uiteindelik deur die waarheid verhelder met verrykende gevolge.

Die produksiespan

Zander van der Westhuizen en Leon Gropp spog met hul grootste musikale produksie nog. Beide ontvang deur hul loopbane toekennings (SAMA, ATKV-Lier en Ghoema-toekennings).

Sonder om die musikale genre van teater te verloor, het Van der Westhuizen en Gropp 'n unieke en eietydse styl vir die musiek van “Helder” geskep.

In samewerking met Jattie de Beer (vervaardiger en skrywer) word 'n professionele album van die musiek vrygestel vir verkope.

Verder getuig die hele produksie van hoogstaande kwaliteit –die kostumering deur Arnold Cloete, 'n bekende in die opera en musikale teaterbedryf; die produksiestel deur Finely Wrought; die klank en beligting deur Fogtech.

Die rolverdeling

C.J. van Aarde vertolk die rol van Joe “Judge” de Jongh. CJ word as een van SA se top tien junior sangers beskou.

Anna Davel, bekend as 'n Afrikaanse liedjieskrywer, sangeres en aktrise van formaat, is regter Marelize Strydom.

Pierre Breytenbach is 'n gesoute verhoogkunstenaar en ook bekend vir sy televisie- en advertensiewerk. Hy vertolk die rol van Groenbaard de Beer.

Verder is die beste jong talent gekies as straatkinders vir die twee straatbendes van die produksie.

DATUM EN PLEK

Donderdag	22 Augustus	19:30
Vrydag	23 Augustus	15:30 & 20:00
Saterdag	24 Augustus	15:30 & 20:00

NG Tygerpoort Kerkgebou
Die Teaterkafée bied verversings te koop aan.

KONTAKBESONDERHEDE

Kaartjieverkope vir HELDER – die musiekblyspel vind aanlyn deur **TIXSA** plaas. Kaartjies word gereserveer en kos R160 of R140.

Alle inligting en kaartjies by www.ngtyger.com/helder

Kontakpersoon: Riana de Wet – 012 809 0107 / ngtyger@ngtyger.com